e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

2 Oktober 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 30

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

VOORBLAD

Waarom 'n elektroniese nuusbrief?

Sedert September 2007 verskyn *Die Hervormer* maandeliks en nie meer elke twee weke nie, en sedert Januarie vanjaar word dit aangevul met 'n weeklikse elektroniese nuusbrief, die *e-Hervormer.* Met laasgenoemde word aktuele nuus aan gemeentes en ander intekenaars deurgegee, kerklike en teologiese kommentaar gelewer en redaksioneel met die Kerk gepraat.

So word 'n lank gestelde ideaal van *Die Hervormer* verwesenlik, naamlik dat die Kerk 'n weeklikse koerant het wat vars en aktueel met die Kerk kan kommunikeer. Kerkrade kan die elektroniese nuusbrief in geheel of gedeeltelik kopieer en saam met gemeente- of afkondigingsblaaie versprei.

Navorsing oor elektroniese nuusbriewe toon dat die ontvangers daarvan op soek is na kort, vinnige en nuwe inligting – nuus! Die elektroniese medium is nie die plek vir lang, uitgerekte debatte of ellelange artikels of kennisgewings nie. Eerste indrukke is belangrik, en daarom sal die voorkoms (kleur, grafika en uitleg) altyd saakmaak, maar uiteindelik soek die meeste mense die teks. Daarom word 'n drukkersvriendelike weergawe beskikbaar gestel vir diegene wat uiteindelik die teks wil behou of verder wil gebruik.

Bydraes tot die nuusbrief moet dus kort en kragtig wees, met 'n aanduiding waar meer of vollediger inligting bekom kan word. Indien bydraes lank is, sal die samestellers van die nuusbrief dit noodwendig moet verkort. Soos iemand kaalkop opgemerk het: Die *e-Hervormer* is nie 'n plakboek nie, dit is vonkpos op sy beste!

Maar uiteindelik is dit die lesers en gebruikers van die nuusbrief wat sal bepaal hoe suksesvol dit is. Stuur asseblief u kommentaar aan produksie@nhk.co.za. Ons hoor graag van u.

Redaksie

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - **www.nhk.co.za**
Hervormer webwerf - **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer - **www.hervormer.co.za/page03.html**
Hervormer LIG! - **www.hervormer.co.za/page04.html**

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep ontvang

Ds FJ Redelinghuys van Piet Retief/Amsterdam (deelversorging) na Oos-Londen(deeltyds)

Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor 31 Oktober jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

Vakante standplase

Besoek asseblief die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za vir volledige inligting oor beskikbare vakatures.

Vakante standplaas: Gemeente Kampersrus

Gemeente Kampersrus in Hoedspruit se **voltydse standplaas** is vakant. Die gemeente is besig om 'n groslys saam te stel en sal teen einde Oktober beroep. Geordende predikante van die Hervormde Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg, word genooi om hulle name, kontakinligting en besonderhede van hulle bedieningservaring voor **15 Oktober 2008** aan die skriba van die gemeente, oudl Chris Joubert, deur te gee: tel 083 289 0629; e-posadres cjjdagbreek@gmail.com. 'n Volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente sal op aanvraag beskikbaar gestel word.

Vakante standplaas: Kombinasie Witbank/Witbank-Noord

Die kombinasie Witbank/Witbank-Noord wag aansoeke in van predikante van die Kerk om die **voltydse standplaas** te vul. Die aansoeke sluit op **30 Oktober 2008**. Aansoeke moet gerig word aan die Kombinasiekomitee by faksnommer 013 650 0985 of per e-pos aan Sandra.nhk@web4us.co.za.

Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Die gemeente het tans 246 dooplidmate, waarvan 221 belydende lidmate is. Die gemeente is in 13 wyke ingedeel en sluit in Somerset-Wes, Strand, Gordonsbaai, Grabouw, die kusstreek vanaf Rooi-els tot by Kleinmond en vanaf Hermanus tot by Gansbaai. Daar is oggenderedienste om 09:00 in Strand en twee keer per maand om 11:15 in Hermanus. Die dienste in Hermanus kan moontlik uitgebrei word met die oog op kategese. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en 'n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet 'n volledige CV met verwysings teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Marthinus van Staden** en sy gesin het op Sondag 21 September van Gemeente Swartkop afskeid geneem. Hy het die beroep na Gaborone aanvaar en word in Oktober deur sy nuwe gemeente ontvang.

- **Ds Eksteen Botes** van Gemeente Nelspruit en **dr Ernest Marran** van Gemeente Waterval Boven het op Sondag 28 September na Harare vertrek om die lidmate te besoek en kosvoorrade en medikasie daarheen te neem. Ons **lidmate in Zimbabwe** sal waarskynlik nog jare

lank versorg moet word. Ongeag die politieke woelinge in die land, gaan dit finansieel al hoe slegter met hulle. Verskeie kerke se uitreikaksies bring egter hoop.

Daar is groot waardering vir die volgehoue ondersteuning van lidmate en gemeentes, veral ook vir die hulp van diaken Hans van Rensburg, sy vrou, die lidmate en ds Hannes van Rensburg van Gemeente Oos-Moot. Hulle pak elke maand die sleepwaentjies en versorg die stoorkamer by die gemeente.

- **Prof Alex Antonites** het vanjaar afgetree by die Universiteit van Pretoria waar hy jare lank Filosofie gedoseer het. Hy het saam met proff CK Oberholzer en PS Dreyer gewerk en was ook een van hulle studente. Prof Antonites was lank deeltyds verbonde aan Gemeente Primrose-Oos. Hy word later vanjaar losgemaak van die standplaas wanneer hy emeriteer.

- **Drr André en Jonanda Groenewald** berig uit Skotland dat dit goed gaan met hulle bediening daar. Dr André het onlangs in die Suid-Afrikaanse gemeente in Skotland Nagmaal bedien. Die gemeente word bedien deur ds Johan Groenewald van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

- **Ds Jan Wilson** van Gemeente Klerksdorp-Suid se **vrou, Henriëtta,** is in 'n kritieke toestand nadat sy 'n virus opgedoen het. Sy word versorg by die Mediclinic in George. Die Kerk se voorbidding word gevra vir die gesin.

- **Mev Kitty Roos, eggenoot** van emerituspredikant **ds Willie Roos**, is op Maandag 29 September in Van Rensburg Monumenttehuis oorlede. Die begrafnis vind plaas op Saterdag 4 Oktober om 09:30 by die Heatherdale-begraafplaas en die diens om 10:15 by Gemeente Theresapark. Ons innige simpatie gaan aan ds Roos.

- **Gemeente Oos-Londen** het op Sondag 21 September afskeid geneem van dr Gerrie en mev Marie Bloem wat sedert 2003 in die gemeente werksaam was. In dié tyd het die gemeente 'n groot oplewing beleef en die kerkgebou is onder meer gerestoureer. Die lidmaattal het gegroei en die gees in die gemeente is besonder positief. Die kerkraad het ds Frans Redelinghuys, predikant van die kombinasie Piet Retief/Amsterdam, beroep.

- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid** het gou weer 'n predikant bekom na die vertrek van ds Johnny Young na Rustenburg-Tuine. Ds André Swanepoel van Gemeente Primrose-Oos het die beroep aanvaar. Hy neem op 12 Oktober van sy gemeente afskeid.

- Bydraes vir die aankoop van die pastorie te **Nkana in Zambië** word steeds van gemeentes ontvang. Die ringsvergaderings en gemeentes wat reeds besluit het om bydraes te lewer, word versoek om dit asseblief so gou moontlik oor te betaal. R200 000 moet voor 30 November bymekaar gemaak word.

ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV het die aanbeveling van die Raad vir Regsadvies aanvaar oor die **uitreiking van Aktes vir Losmaking** aan predikante. Volgens die Raad moet die betrokke kerkraad die Akte van Losmaking gee wanneer 'n predikant van sy standplaas losgemaak word, en die Kommissie van die AKV moet die Akte van Ontheffing uitreik as ampsvoorreg opgehef word. Ordinansiewysigings in dié verband sal aan die 69ste AKV voorgelê word.

- By sy vergadering in September het die Kommissie van die AKV besin oor die vraag of 'n **afsonderlike Raad vir Ouderlinge** weer gevorm moet word. Daar is tydens die afgelope drie AKV's gesprek daaroor gevoer en opdrag gegee om 'n ondersoek te doen, wat telkens in die slag gebly het. Die huidige Komitee vir Ouderlinge, wat onder die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat

funksioneer, oordeel dat die Komitee bloot met sy werksaamhede kan voortgaan en dat 'n afsonderlike raad nie nodig is nie.

- Op Woensdag 8 Oktober kom die voorsitters en sekretarisse van rade byeen om onder die voorsitterskap van ds David Barnard aandag te gee aan **nuwe jaarverslae** of selfs 'n nuwe wyse van verslaggewing. Ouderlingevergaderings doen jaarliks verslag aan ringsvergaderings by wyse van verslae oor die werksaamhede in die gemeente, en ringsvergaderings lewer verslag aan die rade deur middel van saamgevatte verslae.

- Een van die sake waaraan die Raad vir Regsadvies tans op versoek van die Kommissie van die AKV aandag gee, is die **verhoogde ouderdomperk vir emeritaataanvaarding**. Die studie word ook gedoen na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat by die 68ste AKV gedien het. Daar word onder meer gekyk na die groter wordende getal kleiner gemeentes wat nie meer finansieel in staat is om 'n predikant te beroep nie. Een moontlikheid wat oorweeg word, is dat 'n predikant nie op 65 jaar aftree nie maar vergunning kry om vir vyf jaar verder in 'n ander gemeente (juis die kleiner gemeentes) te werk.

- Etlike ringsvergaderings het vanjaar weer gevra vir **meer praktykgerigte opleiding van predikante** van die Kerk. Dit gaan onder meer oor die moontlikheid om die praktiese opleiding aan die einde van die akademiese studie te verleng. In die verlede het studente wat afstudeer het, militêre diensplig deurloop, wat hulle die geleentheid gegee het om in gemeentes te werk en so ervaring te verkry. Die saak is na die Kuratorium verwys vir ondersoek.

- Onder leiding van die sekretaris van die Raad vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, word tans aandag gegee aan **webblaaie in die Kerk**. 'n Koördineringskomitee is reeds byeengeroep. Die Raad aanvaar dat webblaaie vandag 'n belangrike kommunikasiemiddel is en ag dit noodsaaklik dat die inhoud en voorkoms van die verskillende webblaaie gekoördineer word. Gemeentes wat oor 'n webblad beskik, moet asseblief aandag gee aan die voorkoms en opdatering daarvan. Hulle kan ook met dr Van Wyk in verbinding tree indien hulle gedagtes daaroor wil uitruil.

- Vergaderings oor die begrotings van rade, kommissies, ensovoorts vir 2009 vind plaas op 29 en 30 Oktober en die begrotingsdokumente moet mnr Elmar Struwig, hoofrekenmeester van die Kerk, teen 10 Oktober bereik. Die Kommissie van die AKV moet die begroting goedkeur by sy vergadering in November.

- 'n Beroep word op lidmate gedoen om in te teken op die Kerk se **tydskrifte vir 2009**. Die *Almanak* beloof om besonders te wees vanjaar, aangesien 'n oplossing gevind is vir die vraag wat gereeld by ringsvergaderings gevra word, naamlik of die *Bybelse Dagboek* of die statistieke en ander inligting eerste moet staan.

  Die pryse vir die publikasies vir 2009 is soos volg:

Almanak en Bybelse Dagboek	R90
Konteks (10 uitgawes per jaar)	R110
Die Hervormer (11 uitgawes)	R70

  Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za. Gemeentes word vriendelik versoek om hul bestellings vir die *Almanak en Bybelse Dagboek* teen 15 Oktober te plaas, en dié vir *Konteks* en *Die Hervormer* teen 28 November.

- **Vergaderings in die komende week**
  - Redaksie van *Konteks* op Maandag 6 Oktober om 09:30.
  - Dagbestuur van die Kinderhuise op Woensdag 8 Oktober om 09:00.

- Gesprek onder leiding van ds David Barnard oor die jaarverslae op Woensdag 8 Oktober om 09:00.
- Diensgroep-vergadering op Donderdag 9 Oktober om 09:00.
- Redaksie van *Die Hervormer* op Donderdag 9 Oktober om 10:00.
- Dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering (ADV) op Vrydag 10 Oktober om 07:00.

ADVERTENSIES

- Op Saterdag 25 Oktober hou **Gemeente Belfast** hul jaarlikse **gholfdag.** Alle belangstellendes moet asseblief skakel met Christelle du Toit (tel 083 737 4930) of Annemarie of Cecilia by die klub (tel 013 253 0981). Die gholfdag neem die vorm aan van 'n IPS-spel, en die koste is R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in. Daar is goeie pryse te wen. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)** hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Bydraes van die stigterslede het die afgelope jare afgeneem en dit het nodig geword om meer fondsinsamelingspogings aan te pak om tekorte te beperk en behoeftige leerders te help. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse/lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer daarvoor. Die lenings/beurse wissel van R500 tot 'n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

- **Pastorale beradingskursus: Die wisselwerking tussen liggaam, gees en emosies**

  Op Saterdag 25 Oktober word hierdie kursus deur prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied. Daar sal onder meer gefokus word op die pastorale implikasies van die liggaam-denke-verbintenis en van breinbeserings, en liggaamlike probleme as moontlike uitvloeisels van onverwerkte trauma.

  Pastorale beradingskursus: Hospitaalpastoraat

  Op Saterdag 22 November word hierdie kursus deur prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied. Daar sal onder meer gefokus word op treurberading, die gesprek met die sterwende, en die pastorale begeleiding van die terminale pasiënt.

  Die besonderhede vir albei kursusse is die volgende:

  Plek: Gastehuis aan linkerkant van hoofgebou van ALS-groep, ongeveer 2 km uit Potchefstroom op die Johannesburg-pad (N12), aan die linkerkant.
  Koste: R140 (sluit in sleutelnotas) per kursus.
  Tyd: 08:00 – 13:00.
  Navrae en bespreking: 083 660 0409, **wentzelcoetzer@telkomsa.net** (huis), **wentzel.coetzer@nwu.ac.za** (universiteit).
  Handleiding: (Opsioneel) R120.

- Al die predikante van die Hervormde Kerk word in die besonder uitgenooi na die **bekendstelling van 'n besondere nuwe boek**. Die Afrikaanse vertaling van Calvyn se kommentaar op die brief aan die Romeine het pas verskyn. Prof Fanus Postma het die vertaling behartig, en die uitgee van dié

kosbare werk is deur die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies (Bloemfontein) in samewerking met die Calvyn Jubileum Boekefonds (Potchefstroom) moontlik gemaak.

Die amptelike bekendstelling van die boek in die Pretoria-omgewing vind plaas op **Dinsdag 7 Oktober** om 15:00 in Lokaal 2/10, Fakulteit Teologie (ook bekend as Die Kapel), op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Daar sal onder andere inligting oor die verloop van die vertaalprojek asook oor verdere beoogde Afrikaanse vertalings van Calvyn se kommentare deurgegee word. Die boek sal tydens die geleentheid te koop aangebied word teen R150.

Vir meer inligting kan geskakel word met dr Gerard Meijer by 012 332 1196 of prof Dolf Britz by 015 401 2670.

- **Soek jy iemand om te sing maar almal is so duur?** Kontak ds Fanie Beukes van Gemeente Witbank by 073 167 1183. Hy kan by enige geleentheid help – 'n Damestee, 'n sangaand, Jubelfees, ensovoorts. Hy lewer 'n geestelike program of 'n meer informele program van byvoorbeeld die musiek van Elvis en Neil Diamond, en ligte Afrikaanse musiek. Kontak hom vroegtydig. Die koste is onderhandelbaar.

AGTERBLAD

Die Hervormer

Die Oktober 2008-uitgawe van *Die Hervormer* fokus op die Reformasie en Skrifbeskouing.



In sy redaksionele berig skryf prof Piet Geyser soos volg: *Dit is Kerkhervormingmaand. In ons waardering van die vrugte van die Kerkhervorming van die 16de eeu, staan die herontdekking van die Bybel voorop. In ons tyd gaan dit minder oor al die leerstellige kwessies en al die Roomse 'dwalings' en is die fokus meer in diepte op die moontlikhede wat deur die Hervorming oopgegaan het. Veral sal dit ons as Kerk van die Hervorming pas om onsself die vraag af te vra of ons nog in die gees en bedoeling van die Hervorming kerk is en teologie beoefen.*

En dan pleit hy: *Kom ons hou met nederigheid en dankbaarheid vas aan die vrug van die Hervorming in ons eerlike en opregte omgang met die bron – sola Scriptura.*

Lees ook die onderhoud met ds Wilhelm Steyn, Sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, wat aan die einde van Oktober na 25 jaar in sy huidige pos emeriteer.

Indien u nie 'n intekenaar is nie, kan u die nuutste uitgawe teen R5,45 bestel van SENTIK. Kontak mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of per e-pos by sentik@nhk.co.za om te bestel of in te teken.